

AKTUEEL

IMPLIKASIES VIR SUID-AFRIKA VAN DIE INTERNASIONALE DEBAT*

Prof PH Kapp, Departement Geskiedenis, US

Die aktualiteit van Geskiedenis as 'n wetenskaplike dissipline en as 'n opvoedkundige vormingsvak word bevestig deur die deurlopende internasionale gesprek wat gevoer word oor die sleutelvraag: wat behoort uit die magdom kennis aangaande die verlede geselekteer te word om aan 'n bepaalde groep leerlinge onder spesifieke omstandighede op 'n gegewe tydstip onderrig te word?¹ Dit is 'n vraag wat gereeld aan die orde gestel moet word, selfs al staan 'n land of 'n onderwysstelsel nie noodwendig voor groot aanpassings en veranderinge nie soos wat in Suid-Afrika tans die geval is nie.

1. DIE BELANG VAN DIE DEBAT

Die onderrig van Geskiedenis op skool is 'n saak van openbare belang. Wanneer daardie openbare belang op 'n aanvaarde (stilswyende of eksplisiete) konsensus van waardes en verwagtinge berus, sal die openbare belang betreklik onbetrokke en onaktief wees. Die meeste ontwikkelde lande het tot en met die Tweede Wêreldoorlog só 'n konsensus beleef. Die ingrypende invloed wat die Tweede Wêreldoorlog en sy nawerking op die wêreld se samelewings gehad het, het daardie konsensus vernietig. 'n Verskeidenheid nuwe belangegroepes wat gewissel het van nuwe state, nuwe sosiale groeperinge soos vroue-bewegings en minderheidsgroepe, en nuwe politieke groepe het daarop begin aandring dat hulle rol in die geskiedenis meer sentraal geplaas moet word. Die opkoms van nuwe denkskole in die geskiedskrywing het die aandag gevestig op nuwe metodologieë om veral temas aan te pak wat tot toe buite die hoofstroom van die politieke en ekonomiese geskiedenis gestaan het. Die opkoms van Sosiale Geskiedenis en al sy mutasies as dié nuwe visie op die geskiedenis, was die belangrikste uiting hiervan.

In die sestigerjare het hierdie sogenaamde "Nuwe Geskiedenis" sy stempel op skoolsillabusse begin afdruk en is ingrypende veranderinge aangebring in

dit wat leerlinge op skool moes leer en hoe dit geleer en onderrig moes word. In die VSA en Brittanje in die besonder, maar ook in lande soos Frankryk en België, het die pendulum in die tagtigerjare begin terugswaai.

Met die in werking trede van die National History Curriculum in Engeland en Wallis op 1 September 1991 het die debat wat sedert 1984 geheers het, minstens nou 'n minder heftige fase betree.² Persone wat aktief by die openbare debat betrokke was, het my verseker dat dit die felste, omvattendste en mees diepsinnige debat oor die plek en rol van Geskiedenis was wat na hulle wete nog in Brittanje gevoer is. En die debat is nog nie beëindig nie want sekere arbitrêre optrede van die Minister van Onderwys en Wetenskap Kenneth Baker om die inhoud van die sillabus by Key Stage 4 tot 1970 te beperk, het heftige reaksie van openbare organisasies uitgelok. Die debat oor die onderrig van Geskiedenis op A-level het pas begin en oor die wyse waarop die nuwe sillabus geëksamineer sal word, is nog geen uitsluitel gegee nie. Na deeglike bestudering van die nuwe National Curriculum het ek tot die gevolgtrekking gekom dat beide in Engeland en Wallis 'n verantwoordelike kompromis tussen verskillende benaderinge bereik is, wat nie net die vak Geskiedenis tot sy reg laat kom nie, maar ook die leerling en sy behoeftes en die gemeenskap en sy belange. Hierdie standpunt word deur die Historical Association en die inspektoraat van Geskiedenis onderskryf.³

Hierdie artikel handel nie oor die aard van die debat en die besondere strategie wat gevolg is nie. Wat wel op hierdie stadium nodig is om te beklemtoon is dat die openbare debat in Suid-Afrika tot op datum nóg die aandag nóg die diepte bereik het wat nodig is om só 'n na mekaar toe beweeg van benaderinge moontlik te maak.

Die oorsprong van die debat kan teruggevoer word na die vroeë tagtigerjare toe 'n reaksie begin intree

het teen die wyse waarop Geskiedenis in die voorafgaande twintig jaar in Brittanje en in die VSA onderrig is. Die reaksie het in Brittanje vroeër en vinniger ingetree as in die VSA en was gemik teen wat beskou is as die oordrewe kind-gesentreerdheid en vaardighedsgerigtheid van die sg. Nuwe Geskiedenis op skool. Die vernaamste kritiek was nie teen die feit dat klem op die kind en op vaardighede geplaas is nie, maar op die feit dat dié beklemtoning ten koste van inhoud en kennis gedoen is. Die kritici het gepleit vir die verhoging van standaarde en die erkenning van wat hulle geag het te wees 'n kern hoeveelheid kennis oor die basiese dinge wat 'n kind nodig het om sy weg in die hedendaagse samelewing te vind.⁴

In die VSA het die werklike debat eers begin met die publikasie van twee belangrike kommissie-verslae in 1989. Die Bradley-Kommissie se verslag van Julie 1989 het die aandag gevestig op die gebreke in die bestaande sillabusse se inhoud en die wyse waarop standaarde verlaag is om toenemende aandag te gee aan die laagste gemene deler.⁵ In November 1989 het die verslag verskyn van die National Commission on Social Studies in the Schools wat weer klem gelê het op die verwaarloos van geskiedenis binne die sillabusse van Sosiale Studies. Hulle het aanbeveel dat Geskiedenis, en veral die inhoudelike van Geskiedenis, veel meer aandag in die programme vir Sosiale Studies moes kry.⁶ 'n Derde faktor wat 'n groot rol gespeel het, was die besluit van die New York State Board of Regents om die verslag van hulle Preliminary Report Task Force oor hersiening van die sillabus vir Sosiale Studie en Geskiedenis te aanvaar. Dié taakgroep het aanbeveel dat die sillabusse drasties hersien moes word om weg te kom van die aandag aan Westerse geskiedenis en die fokus totaal te verskuif na die geskiedenis van verontregtes. In reaksie hierteen het die Committee of Scholars in Defense of History tot stand gekom. Hulle het hulle verset teen die verwatering van geskiedenis-sillabusse tot 'n "form of therapy" en tot 'n instrument "to improve self-esteem". Die voorgestelde program vir multikulturele onderwys waarin Geskiedenis se rol tot dié van 'n instrument vir politiek-ideologiese aksies omvorm is, is deur hulle verwerp. Die handhawing van hoë standaarde en die herstel van die basiese grondslae van die vak, was die basiese uitgangspunte van die Komitee vir die Verdediging van Geskiedenis.⁷ In 'n spesiale verslag voorverlede jaar (1990) het die American Historical Association klem gelê op die noodsaak dat Geskiedenis weer "at the heart of liberal learning" geplaas moet word deur groter klem op die vak se inhoudelike kenniswaarde te plaas

sonder om die winste wat die vaardighedsbenadering opgelewer het, te ignoreer.⁸ Die totstandkoming van die History Teaching Alliance tussen die American Historical Association, die Organization of American Historians en die National Council for the Social Studies in 1985 was juis gemik daarop om standaarde te beskerm en die onderrig van Geskiedenis as vak te bevorder.⁹ Twee ander ontwikkelinge wat vermeld moet word, is die stigting van die National Council for History Education¹⁰ na die verskyning van die Bradley verslag en die totstandkoming van die National Center for History in the Schools aan die Los Angeles afdeling van die Universiteit van Kalifornië.¹¹ Eersgenoemde spits hom daarop toe om die standaarde van onderrig en inhoud te verhoog. Laasgenoemde het ses groot navorsingsprojekte aan die gang oor wat die essensiële inhoud van sillabusse behoort te wees, oor onderrigstrategieë en oor evaluering.

In Frankryk¹² en België¹³ het daar ook reaksie ingetree teen die redusering van die eie geskiedenis tot 'n breukdeel van 'n program van wêreldgeskiedenis. Sonder om die waarde van die vaardighede wat deel van die onderrig van Geskiedenis geword het, te verkleineer, word ook hier van meer as een kant daarop aangedring dat basiese inhoudskennis tot sy reg moet kom.

2. DIE STAND VAN DIE DEBAT

Daar is klem op bogenoemde ontwikkelinge gelê ten einde die volgende standpunte toe te lig:

- Die debat tussen die vaardighedsbenadering en die eis dat leerlinge toegerus moet word met 'n sekere minimum inhoud wat vir die samelewing van besondere betekenis is ten einde die oordraging van waardes, erfenisse, 'n kritiese ingesteldheid, bindinge en begrip en insig moontlik te maak, het die punt bereik waar opnuut weer aan inhoud waarde geheg word in die wete dat die onderrig daarvan saam met en nie ten koste van vaardighede moet geskied nie.
- Standaarde moet verseker en beskerm word deur te verseker dat te algemene en oorsigtelike kursusse nie die inhoudelike verwater nie.
- Al drie die terreine - plaaslike, nasionale en wêreldgeskiedenis - het 'n plek in die skoolsillabus. Daar moet egter vir

gebalanseerde progressie voorsiening gemaak word sodat die leerlinge van die ineengeskakeldheid van menslike samelewings bewus gemaak kan word en ook sy eie erfenisse krities kan waardeur en evalueer.

- Geskiedenis moet as selfstandige vak of vennoot sy plek in skoolsillabusse inneem en nie in geïntegreerde kursusse soos Humanities of Social Studies tot 'n kantlynrol geminimaliseer word nie.
- Openbare debat oor Geskiedenis se plek en rol op skool moet verwelkom word omdat dit 'n belangrike stimulus vir die vak is en die aktualiteit van die vak beklemtoon. Dit is egter 'n voorwaarde dat die debat op hoë vlak gevoer moet word. Dit is die taak van professionele historici, onderwysers, opvoedkundiges en ouers om die debat op só 'n hoë peil te voer en te hou in 'n poging om te verhoed dat dit as 'n politieke speelbal gebruik word.
- Die debat oor wat in Geskiedenis onderrig moet word, beland noodwendig in die politieke vaarwater omdat politici daaroor besluite moet neem. In Brittanje was dit Konserwatief teen Radikaal, in die V.S.A. Regs teen Links en in Frankryk en België Konserwatief versus Linkse Sosialisme en Radikalisme. Dit sal ook in Suid-Afrika onvermydelik wees. Maar professionele lui en ouers kan verseker dat die politici nie met die saak hulle eie weg opgaan nie.
- Waar die debat in Suid-Afrika in werklikheid skaars begin het, is dit belangrik dat gepoog word om van die futiele prosesse wat elders deurgemaak is en van die slaggate waarin getrap is, te vermy. Dit kan gedoen word deur die foute van die sestiger- en sewentigerjare te vermy en te probeer om die soort kompromis te bereik wat in Brittanje met die verskillende nasionale sillabusse vir Geskiedenis bereik is.
- 'n Belangrike stel voorwaardes om dit te kan doen, moet egter deeglik verreken word. 'n Ingeligte publiek wat die debat op hoë vlak kan voer en volg, is noodsaaklik. Openbare akademiese geleenthede om die debat te voer, moet geskep word. Verantwoordelike en in diepte beriggewing in die media is nodig. Professionele en belange-organisasie moet hulle standpunte artikuleer en hulleself ten opsigte van sleutelkwessies posisioneer. Die vertrekpunt moet dié van wetenskaplike

besinning en studie wees. Dit skep die geleenthede om wyd uiteenlopende standpunte te stel en alternatiewe sienswyses en formulerings op die tafel te plaas wat op wetenskaplike gronde en uitgangspunte berus, geëvalueer en beoordeel kan word.

3. IMPLICATIONS FOR SA

In this section I intend to discuss a number of strategies that could be considered when guiding the teaching of History in South Africa along the road of change and adaptation that is unavoidable and urgently needed. What can be done to ensure that the advantages of the skills approach is gained without the negative superficiality experienced elsewhere? How can the development of more comprehensive and inclusive syllabuses be achieved without the damage done to the essential characteristics of history as an academic discipline and educational asset?

- 3.1 One possible strategy is the appointment of independent Commissions like the Bradley Commission and the National Commission on Social Studies. Their reports served as basis for a wide ranging public and academic debate and discussion. This debate, however, can only lead to results if the various interest groups can muster public interest, can develop significant lobbying influence and can achieve end products that politicians and administrators do not dare to ignore.
- 3.2 A second strategy is that of pure research such as the research programme of the National Center for History in the Schools of the University of California. Solid and meaningful results could raise the debate to the level where professionals and bureaucrats can draft policy documents based on a legitimate consensus achieved through academic consultations, discussions and empirical research. The advantage of this approach is that it could perhaps steer history teaching clear of the political white waters. The disadvantage is that it would most probably not raise strong public demand and interest and thus inhibit lobbying efforts. The weakness of the approach is that it does not take into account the fact that academics are the most unlikely group to find common ground.
- 3.3 In England and Wales two Working Groups were appointed by the Minister of Education

and Science to draft a report which he in turn submitted to all the professional and lay organizations professing an interest in History. Their comments were forwarded with that of the DES to the Working Group who then drafted a final report. The Minister based his Proposals on this final report and then offered his Proposals and the Non-statutory Guidance for further consultation. The final policy decisions, however, remained with the Minister and his Department.

3.4 A common feature of all three strategies is the involvement of well-informed, thoroughly prepared and fully committed organizations representing a variety of interests. The academic legitimacy of all these interest groups were beyond reproach. This was an important prerequisite for ensuring that the debate would be conducted on the appropriate level.

3.5 The investigation by a Working Committee of the HSRC is an effort to put the process referred to in the second strategy in motion. Keeping in mind the financial restrictions and other inhibiting factors which makes a comparison between an American and South African effort rather dubious, it can be stated that the HSRC initiative is based on sound principles:

3.5.1 A small working group as representative of people with proven interest, experience, merit and knowledge.

3.5.2 The identification of four main areas of investigation not very dissimilar from that of the University of California model:

- A rationale for including History in the school curriculum.
- An empirical study of the position of history in South African schools.
- The development of a set of criteria that could be used in selecting material for History syllabuses in a deeply divided society.
- A study of assessment as an instrument for developing

syllabuses and teaching strategies.

3.5.3 Consultation with as many interest groups and practicing teachers as was practically possible.

This initiative must be viewed as the beginning of a process, not the final stages. The fact that the Working Group was unable to reach consensus on the various drafts considered was to be expected.

Experience in England and Wales has shown that a fairly long period of evolution, consultation and debate is necessary before any significant achievements can be registered. The important thing is that the process has begun.

The present effort by the Department of National Education to develop curriculum models and guide lines for syllabuses with only a superficial involvement of and consultation with professional groups, must be seriously questioned.

READ THE ARTICLE HISTORY TEACHERS AND THEIR WORK IN THIS ISSUE.

VOETNOTE

* Gewysigde weergawe van 'n gedeelte van 'n referaat gelewer op die konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Genootskap in Bloemfontein, 16 Januarie 1992. Deel 1 handel oor die internasionale debat, deel 2 in die volgende uitgawe oor doelwitte en kriteria.

1 Erkenning word verleen aan die feit dat 'n groot deel van hierdie referaat gebaseer is op die navorsingsprojek wat ek vir die RGN se navorsingsprogram oor Die Onderrig van Geskiedenis in RSA gedoen het. Hfst 4 van die verslag wat oor Moontlike kriteria vir die opstel van Geskiedenisillabusse handel, is die tersaaklike stuk. Erkenning vir finansiële steun van die RGN om hierdie verslag met 'n studie in die VSA, Brittanje, België en Duitsland op te volg, word ook verleen. Die menings in genoemde stukke uitgespreek is my eie, en verteenwoordig nie die van die RGN nie.

2 Vir 'n bespreking van die Britse debat kyk na die spesiale reeks artikels onder die oorkoepelende titel History, the Nation and the Schools (History Workshop Journal, vol 29, Spring 1990, pp 92 - 133 en vol 30, Autumn 1990, pp 75 - 128.)

- 3 Gebaseer op onderhoud met prof Michael Biddis, Voorsitter van The Historical Association en Roger Hennesy, Inspekteur vir Geskiedenis.
- 4 R.A.S. Hennesy: The Content Question: An Agenda (Welsh Historian, Spring 1988, pp 5-6); Alan Beatie: History in Peril (Centre for Policy Studies, Education Quartet part 1, Londen, 1987); Building A History Curriculum: Guidelines for Teaching History in Schools. Prepared by the Bradley Commission (Educational Excellence Network, 1988).
- 5 Paul Gagnon and the Bradley Commission: Historical Literacy: the Case for History in American Education. Macmillan, New York, 1989.
- 6 National Commission on Social Studies in the Schools: Charting a Course: Social Studies for the 21st Century. Washington, November 1989.
- 7 Statement of the Committee of Scholars in Defense of History. (Perspectives, vol 28/7, Oktober 1990, p. 15).
- 8 Liberal Learning and the History Major. (Perspectives, vol. 28/5, Mei/Junie 1990, pp. 14-19).
- 9 Update on the History Teaching Alliance. (Perspectives vol 28/7, Oktober 1990, p. 12.)
- 10 Persoonlike onderhoud met prof Ken Jackson, voorsitter van die Bradley Kommissie.
- 11 Charlotte Crabtree en Linda Symcox: The National Center For History In The Schools. (Perspectives, vol 29/4, April 1991, pp. 15-16).
- 12 President Francois Mitterand het in 1983 sy verontwaardiging uitgespreek oor geskiedenis-sillabusse wat leerlinge nie help om 'n begrip en kennis van hulle nasionale identiteit te ontwikkel nie. Hy het daarna 'n proses van intensiewe ondersoek na die onderrig van Geskiedenis in Frankryk geïnisieer (The Chronicle of Higher Education, vol 26/31, 21.9.1983, p. 31).
- 13 André de Laet: L'Histoire ne se répète pas. (DIGO, 13/1, September 1989, pp. 2-5).